BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — WINDHOEK — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Maandag 1 Februarie 1982 — Monday 1 February 1982 — No. 4591

INHOUD:

*Bladsy*

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No. AG.13 Spesiale Heffing kragtens die Wet op die Vleisbedryf, 1981 (Wet 12 van 1981) 1

No. AG.14 Wysiging van Goewermentskennisgewing Ag. 112 van 1980 met betrekking tot die Oplegging van Algemene Heffing op Uitvoer van Karakoelpelse 2

No. AG.15 Oplegging van Heffing en Spesiale Heffing op Karakoelpelse 3

CONTENTS:

*Page*

GOVERNMENT NOTICES

No. AG.14 Special Levy under the Meat Undustry Act, 1981 (Act 12 of 1981) 1

No. AG.14 Amendment of Government Notice AG. 112 of 1980 in Relation to Imposition of General Levy on the Export of Karakul Pelts 2

No. AG.15 Imposition of Levy and Special Levy on Karakul Pelts 3

## Goewermentskennisgewings

KANTOOR VAN DIE

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 13 1982

### SPESIALE HEFFING KRAGTENS DIE WET OP DIE VLEISBEDRYF, 1981 (WET 12 VAN 1981)

Kragtens artikel 17(1) van die Wet op die Vleisbedryf, 1981 (Wet 12 van 1981), lê die Ministersraad hierby met ingang van 1 Februarie 1982 die

## Government Notices

OFFICE OF THE

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 13 1982

### SPECIAL LEVY UNDER THE MEAT INDUSTRY ACT, 1981 ACT 12 OF 1981)

Under section 17(1) of the Meat Industry Act, 1981 (Act 12 of 1981), the Council of Ministers hereby, with effect from 1 February 1982, imposes

spesiale heffing in die Bylae vermeld ten opsigte van die in genoemde Bylae vermelde beheerde produkte op vir die doeleindes van die bestryding van die uitgawes wat in verband met die verrigting van hul onderskeie werksaamhede ter bevordering van die belange van die vleisbedryf van die gebied aangegaan word deur die Suidwes-Afrikaanse Landbou-unie en organisasies wat deur bedoelde Landbou-unie in die lewe geroep is om die vleisbedryf as vertakking van die landboubedryf te bevorder en by bedoelde Landbou-unie geaffilieer is.

Op las van die Ministersraad

D.F. MUDGE
Voorsitter Windhoek 26 Januarie 1982

BYLAE

1. Ten opsigte van beeste, skape, bokke of varke wat vir bemarkingsdoeleindes in die gebied geslag of uit die gebied uitgevoer word, word 'n spesiale heffing op die volgende grondslag opgelê:

| | Per eenheid geslag of uitgevoer |
|---|---|
| Beeste (met inbegrip van kalwers) | R0,43 |
| Skape of bokke, ouer as drie maande | R0,08 |
| Varke | R0,19 |

2. Enige heffing in paragraaf 1 bedoel, is betaalbaar deur die persoon wat die in paragraaf 1 bedoelde beeste, skape, bokke of varke slag of uitvoer soos in genoemde paragraaf 1 beoog.

the special levy mentioned in the Schedule in respect of the controlled products mentioned in the said Schedule for the purposes of meeting such expenditure as may be incurred in connection with the performance of their respective functions towards the promotion of the meat industry of the territory by the South West African Agriculture Union and organizations established by the said Agriculture Union to promote the meat industry as a branch of the agriculture industry, which are affiliated with the said Agricultural Union.

By order of the Council of Ministers

D.F. MUDGE
Chairman Windhoek 26 January 1982

SCHEDULE

1. In respect of cattle, sheep, goats or pigs which are, for marketing purposes, slaughtered in or exported from the territory, a special levy is imposed on the following basis:

| | Per unit slaughtered or exported |
|---|---|
| Cattle (including calves) | R0,43 |
| Sheep or goats, older then three months | R0,08 |
| Pigs | R0,19 |

2. Any levy referred to in paragraph 1 shall be payable by the person who slaughters or exports the cattle, sheep, goats or pigs referred to in the said paragraph 1 as contemplated in the said paragraph 1.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 14 1982

### WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING AG. 112 VAN 1980 MET BETREKKING TOT DIE OPLEGGING VAN ALGEMENE HEFFING OP UITVOER VAN KARAKOELPELSE

Kragtens artikel 46A(1) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), wysig die Ministersraad hierby Goewermentskennisgewing AG.112 van 1980 met ingang van 1 Februarie 1982 deur in

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 14 1982

### AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE AG. 112 OF 1980 IN RELATION TO IMPOSITION OF GENERAL LEVY ON THE EXPORT OF KARAKUL PELTS.

Under section 46A(1) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), the Council of Ministers hereby amends Government Notice AG. 112 of 1980 with effect from 1 February 1982 by the sub-

paragraaf (a) daarvan die bedrag *"drie sent"* deur die bedrag *"vyf sent"* te vervang.

Op las van die Ministersraad
D.F. MUDGE
Voorsitter Windhoek 26 Januarie 1982

stitution in paragraph (a) thereof for the amount *"three cents"* of the amount *"five cents"*.

By order of the Council of Ministers.
D.F. MUDGE
Chairman Windhoek 26 January 1982

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 15 1982

### OPLEGGING VAN HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP KARAKOELPELSE

Ingevolge artikel 79 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968). word hierby bekend gemaak dat die Karakoelraad van Suidwes-Afrika ingestel by artikel 3 van Proklamasie R.172 van 1968, kragtens artikel 15 van Proklamasie R.172 van 1968 gelees met artikels 41, 43 en 44 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), en met die Ministersraad se goedkeuring die heffing en spesiale heffing in die Bylae vervat, met ingang van 1 Februarie 1982 oplê ter vervanging van die heffing en spesiale heffing afgekondig by Goewermentskennisgewing AG.5 van 28 Januarie 1981, wat hierby herroep word.

Op las van die Ministersraad.

D.F. MUDGE

Voorsitter Windhoek 25 Januarie 1982

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 15 1982

### IMPOSITION OF LEVY AND SPECIAL LEVY ON KARAKUL PELTS

In terms of section 79 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), it is hereby made known that the Karakul Board of South West Africa established by section 3 of Proclamation R. 172 of 1968, read with sections 41, 43 and 44 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), and with the approval of the Council of Ministers, with effect from 1 February 1982 imposes the levy and special levy set out in the Schedule in substitution of the levy and special levy published under Government Notice AG. 5 of 28 January 1981, which is hereby repealed.

By order of the Council of Ministers.

D.F. MUDGE

Chairman Windhoek 25 January 1982

### BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in Proklamasie R.172 van 1968, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Hierby word 'n heffing van 4.56c en 'n spesiale heffing van 63.44c per pels opgelê op elke karakoelpels wat —

   (a) uit die beheerde gebied uitgevoer word, uitgesonderd so 'n karakoelpels wat voorheen in die beheerde gebied ingevoer is vir verwerking of ten opsigte waarvan so 'n heffing en spesiale heffing voorheen deur 'n verwerker betaal is;

### SCHEDULE

1. In this notice, unless the context otherwise indicates, any word or expression to which a meaning has been assigned in Proclamation R. 172 of 1968, shall have a corresponding meaning.

2. A levy of 4,56c and a special levy of 63,44c per pelt are hereby imposed on each karakul pelt which —

   (a) is exported from the controlled area, excluding any such karakul pelt previously imported into the controlled area for processing or in respect of which any such levy and special levy has previously been paid by a processor;

(b) in die beheerde gebied deur 'n verwerker verwerk word, uitgesonderd so 'n karakoelpels wat in die beheerde gebied ingevoer is vir verwerking en heruitvoer uit die beheerde gebied of wat voorheen uit die beheerde gebied uitgevoer is;

(c) in die beheerde gebied ingevoer word, uitgesonderd so 'n karakoelpels wat aldus ingevoer word vir verwerking en heruitvoer uit die beheerde gebied of wat voorheen uit die beheerde gebied uitgevoer is, of ten opsigte waarvan 'n heffing en spesiale heffing aan die Karakoelraad van die Republiek van Suid-Afrika betaal is.

(b) is processed by a processor in the controlled area, excluding any such karakul pelt imported into the controlled area for processing and re-export from the controlled area or which was previously exported from thearea or which was previously exported from the controlled area;

(c) is imported into the controlled area, excluding any such karakul pelt so imported for processing and re-export from the controlled area or which was previously exported from the area or which was previousrespect of which a levy and a special levy has been paid to the Karakul Board of the Republic of South Africa.

---

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa